**"Swart vrouedigters in die Nederlandse letterkunde" – Marni Bonthuys (UWK) (Letterkunde)**

In die Afrikaanse poësie, wat die podiumdigkuns én gepubliseerde bundels betref, het ’n aantal swart vrouedigters in die laaste paar jaar na vore getree ná die baanbrekersrol wat digters soos Diana Ferrus en Ronelda Kamfer in die laaste twee dekades gespeel het. Laasgenoemde se geskiedkundige debuut verskyn in 2008 as die eerste volledige digbundel van 'n swart vrou by 'n hoofstroomuitgewer. In hierdie referaat word ’n soortgelyke beweging in die Nederlandstalige poësieveld ondersoek. Die fokus sal val op Radna Fabias wie se *Habitus* sedert haar debuut in 2018 talle literêre pryse en -nominasies ingepalm het, asook die digters Simone Atangana Bekono wat met die bekroonde *hoe de eerste vonken zichtbaar waren* in 2016 debuteer en Babs Gons – een van Nederland se bekendste podiumdigters en samesteller van *Hardop: Spoken word in Nederland* (2019). Soos in die werk van Kamfer sowel as ander swart Afrikaanse vrouedigters wat onlangs naam gemaak het in die Afrikaanse digkuns, staan identiteit en interseksionaliteit sentraal in die werk van hierdie Nederlandse digters. Die sterk (swart) feministiese en polities-betrokke inslag van hul werk sal voorts bespreek word en relevante postkoloniale transnasionale verskynsels sal betrek word.